Lewensvreugde deur Lijlanie Stander

Dit was asof 'n begrip van die term, die definisie daarvan, my net-net bly ontbreek het. "Lewensvreugde..?" Soms het dit so naby gevoel dat ek my oë wou toemaak, my hand wou uitsteek en daaraan wou vat. Tog was dit asof dit my bly ontwyk. Telkens wanneer ek 'n "A-ha!"-oomblik beleef het en myself gereed gemaak het om 'n definisie te begin formuleer, was dit asof die sjampanje reeds al sy borrels verloor het, net sodra ek dit wou begin beskryf. "Kom aan!" het ek myself gemaan. "Op skool was Taalwetenskap vir jou soos soetkoek en Letterkunde en Stelwerk 'n passie wat jou laat voel het jy was met vakansie elke keer wat jy die geleentheid gegun was om jou ink op papier te laat vloei. Hoe kan die eenvoudige definisie jou bly ontbreek? Hoe is dit moontlik dat jy, met jou passie vir die abstrakte, soos 'n hardkoppige Jakob van ouds vasberade aanhou worstel en soos 'n verveelde koei eentonig bly herkou aan die begrip, maar steeds sonder oplossing bly?"

Ek kon seker opgegee het en 'n einde aan daardie worsteling gemaak het, maar dan sou ek ook mank deur die res van my lewe moes leef. Of ek kon bloot die voosgekoude herkoutjie uitspoeg en laat lê, maar dan sou ook ek instinktief, ter wille van oorlewing, maar net weer aan 'n volgende begin herkou het.

Die soeke na 'n selfbevredigende antwoord het in my bly brand, aangevuur deur my sielsmagting om hierdie emosie in sy volle glorie te ervaar – om dit met al vyf my sintuie te belèèf en met my sesde sintuig te bekragtig: "Lewensvreugde is DIT!"

Soms wanneer ek my op 'n podium bevind het en die een of ander prys ontvang het, het ek gedink ek kon dit proe, maar sodra ek daaraan wou vat, het die lugborreltjie oënskynlike vreugde uitmekaar gespat.

Ander kere het dit gevoel of ek vasgevang was in 'n diep, donker tonnel waar ligspatsels my bly tart het, maar deurlopend buite my bereik sou bly. Dit het gevoel of ek doelloos en moedeloos bly soek het na iets wat my nie beskore was nie.

Daardie deurmekaar , herkouende worsteling was natuurlik voor ek jou ontmoet het.

Ek hoef net 'n breukdeel-oomblik in jou lag vas te kyk – en dan beleef, sien, voel, hoor en proe ek dit: Lewensvreugde!

Ek het vir die eerste maal Lewensvreugde gevoel, toe ek jou vlindersagte borrel-vlerkies – jou lewe - die eerste maal binne my voel beweeg het...en al my sintuie het dit oordadig beleef! En ja, my sesde sintuig het die paradoks beaam:

Ironies genoeg was die soet smaak van paradysvrugte wat ek gehoop het om te proe, 'n wrang metaalsmaak in my mond. Die geur van hemelse oggenddou, gemeng met die sagte reuk van frangipani, wat ek gehoop het om te ruik, was verdring deur intens verskerpte naarmaak-reuke soos maalvleis op die stoof, sigaretrook vanuit die anderkant van 'n lokaal, petroldampe naby 'n vulstasie. Skielik was alle reuke se frekwensies tienduisend desibels sterk! Die walms het in my neusvleuels opgejaag en my oor-, neus- en keelholtes verstop! Ek kon die reuke hòòr! Mense om my se eens sagte gefluister het in my ore gedruis. Die doef-doef van my eens geliefde dansmusiek is teësinnig in my bloedstroom opgeneem en met antagonisme ontvang! In skrille kontras met my eg vroulike ydelheid, was die prentjie van 'n immer groter wordende magie en dye wat lyf begin kry die mooiste gesig!

Al hierdie irriterende stimuli op my oorsensitiewe sintuie het in 'n hemelse brousel opgeborrel en lewensvreugde deur my liggaam laat ontplof! Jy het my in ekstase laat besef: Ek lèèf nie net nie, maar jy leef in my! Ek het menslik onmeetbare lewensvreugde ervaar elke keer wat jy met jou beentjie-en-armpie-taal van binne my met my gepraat (of liewer gestoei) het. Of so het ek gedink...

...tot ek jou hartklop op 'n monitor sien en dit met my eie ore hoor: Lewe binne my – deur God geskep – binne my gemaak – lewe deur my lewe – jou lewe! Lewensvreugde was om te sien hoe jy maand na maand, twee weke na twee weke, week na week, dag na dag binne my groei, maar veral – om jou hartjie te hoor klop teen eenhonderd vier en veertig kloppies per minuut! Lewensvreugde was om op 'n monitor te sien hoe jy oor jou gesiggie vryf of jou kop vashou, hoe jy gaap en soms hik en om giggelend elke towerbeweging binne-in my eie lyf te voel. Lewensvreugde was om my energie te voel dreineer na waar miljoene selletjies verdeel om dit wat eens net Gods asem was tot vlees-en-bloed-mens binne my te vorm...Of so het ek gedink...

Toe ontmoet ek jou! En toe ek jou piepklein, sagte mense-lyfie die eerste maal teen my vasdruk – jou voel en jou ruik – toe borrel ek oor! Dit was lewensvreugde! Ek het jou tien vingertjies en tien toontjies en twee oortjies en twee ogies oor en oor getel, gesoen en bewonder...

Die dankbaarheid en liefde het soos sjampanjeborrels in my opgebruis en uitgeskiet tot in die hemel en regby Sy voete in duisend dankliedere ontplof – oor jou! Lewensvreugde had geen definisie nie! Dit was in geen woordeboek opgeteken nie! Lewensvreugde was 'n warm, snoesige

lyfie teen my bors, in my arms, teen my wang. Lewensvreugde was diè bondeltjie lewe – eers binne my – nou uit my - in my arms! Lewensvreugde was om die hemeldou nog vars aan jou te ruik, om jou liggaampie, gekoester in haar sy-sagte, brose velkombersie teen my te voel, om jou perfek geskape miniatuur-lyfie te sien, te hoor hoe jou asempie my lewe vul. Ek kon God se asem in joune voel soos dit my nek saggies streel. Lewensvreugde was om paradyssvrugte teen jou wangetjies en in jou donssagte haartjies teen my lippe te proe...Of so het ek gedink.

Opeens sluit jou mondjie om my bors en begin jy te suig. Vlymskerp naalde het van binne en buite deur my gesteek, tot ek wou skree en jou mond van my bors aftrek. Skielik het ek gevoel hoe lewe uit my vloei om jou te behou. Die trane vol pyn in my oë, het opgelos in trane van blye dankbaarheid: Lewensvreugde was om lewe aan jou te gee! Of so het ek gedink...

Skielik op 'n dag, toe lag jy met my – net met my – en ek wis die wonder van 'n engel-lag! Daardie dag het jy lewensvreugde deur die venstertjies van jou siel reg binne- in my siel geplaas.

In die vier jaar wat ek jou ken, het jy soveel sjampanjeproppe hemel toe laat skiet, soveel miljoene borrels lofliedere tot by Sy voetenend laat spuit. Elke dag, elke oomblik, deur elke mylpaal, elke oggend wanneer jy my met jou vlindersagte soentjies en slaapwarm-drukkies kom wakker maak, skenk jy aan my lewensvreugde.

Lewensvreugde is om die Godgegewe mag van 'n moederskus te ervaar: een oomblik huil my kindjie hartverskeurend en die volgende oomblik draai ek met een Mamma-soentjie die traankraantjies toe en borrel 'n engel-glimlag weer terug oor jou gesig.

Lewensvreugde is om saam met jou asem op te hou, saam jou elke spiertjie in te span, eers te wankel-wag en dan in histeriese blydskap op die vloer neer te val, rond te rol en te jubeljuig oor jou eerste tree!

Lewensvreugde is die o, so grootse voorreg om jou jou eerste woordjie: "Mamma", te hoor sê. Dit is asof jy deur hierdie een eerste woordjie 'n seël op 'n reeds ondertekende, onherroepbare edik plaas: Ek is jou Mamma – en jy weet dit!

Lewensvreugde is om op die podium van die lewe te staan in die eerste plek: Ek het eerste plek as jou Mamma gekry! Ek is geseën om jou pappa en oumas weerskante van my op hierdie podium te hê wie my arms hoog hou. Maar in die eerste plek staan ek, want ek – èk is as jou Mamma bekroon! En jy – jy is my Olimpiese platinum medalje, my eerste prys!

Maar o, jou lag! Die sterre wat in jou ogies verskiet, terwyl jy met wydoopgesperde mondjie jou skaterlag tot in die hemel laat eggo, daar waar engele feesvier en hande klap oor elke kinderlaggie. Dit is Lewensvreugde!

En so kom my herkouende worsteling tot 'n einde en kan ek helaas die opgekoude herkoutjie uitspoeg. Skielik het ek 'n allesomvattende, o so grootse definisie vir dit: Lewensvreugde (Eureka!)...is JY!